

VIDEO OP TV

'Sharkville' vat Mosselbaai na VSA

Blootstelling baie goed vir toerisme in die Suid-Kaap

TISAH STEYN

Mosselbaai

'N Video van Mosselbaai se witdoodshaai is gisteraand vir die eerste keer op die National Geographic-televisiekanaal in die VSA uitgesaai. Sowat een miljoen mense het na raming daarna gekyk.

Die video, met die naam *Sharkville*, is deur mnr. Ryan Johnson, 'n haaikundige van die SA Marine Predator Laboratory (Sampla), gemaak van die haaie wat in die baai voorkom.


"*Sharkville* gaan Mosselbaai oornag 'n huishoudelike naam in die VSA maak," het me. Fiona Ayerst van Sharklife, Johnson se vriendin en medewerker, gesê. Sharklife is 'n nie-winsgewende organisasie wat hom beywer vir die beskerming van die bedreigde spesie.

Johnson was vandeeweek in die VSA om die video bekend te stel.

"Die blootstelling op Amerikaanse televisie is baie belangrik vir toerisme in Mosselbaai," het me. Debra Bouwer van die Mosselbaai Toerismeburo gesê.

Die haaie wat hier voorkom se grootte wissel van 1,4 m wanneer hulle gebore word tot sowat 4 m. "Die meeste van die witdoodshaai wat hier voorkom, is tot sowat 2,5 m lank. Die grotes gaan ander weivelde soek, want hier is nie genoeg robbe by Robeiland naby Diasstrand nie."

Volgens Ayerst is die navorsing wat Sampla in Mosselbaai doen baie belangrik, want die haaie hier is nog nie so erg



'n Duiker doen haainavorsing in Mosselbaai.

Foto: FIONA AYERST/SHARKLIFE

aan mense gewoon as gevolg van hokduik-aktiwiteite soos in Gansbaai en Valsbaai nie.

Maar die witdoodshaai by Mosselbaai is nie heeltemal onaantasbaar nie. Van die 50 wat reeds sedert die begin van die jaar in die baai geïdentifiseer is deur middel van foto's van elke haai se unieke dorsale vin, het sowat 60% 'n vishoek in sy bek gehad.

"Hengelaars wat gebruik maak van glyhoeke (*slide fishing*) teiken haaie. Met die swaar gewigte gooi hulle tot 250 m ver waar die haaie agter die branders lê. Die aas, wat aan hoeke van vlek-

vrye staal geheg is, word langs die vislyn afgegly. Die hoeke bly baie lank in die haaie se bekke sit."

Volgens Ayerst mag die haaie glad nie gevang word nie.

"Indien 'n hengelaar per ongeluk 'n haai aan die hoek kry, is dit die beste om dadelik die lyn af te sny. Dit help nie om die haai vry te laat nadat hy homself 'n halfuur lank moeg baklei het nie."

Belangstellendes gaan vroeg volgende week die geleentheid kry om by die Dias-museum na *Sharkville* te kyk. Die datum sal vroeg volgende week bekend gemaak word.